



GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK VAN AUSTRALIE

Reglement vir die toekenning van Predikant- en Proponentstatus in die GEKA

Goedgekeur deur Meerdere Vergadering van 17 Maart 2011 en byvoeging van par 7 soos goedgekeur deur Algemene Vergadering van 31 Aug 2013

Reglement vir die toekenning van Predikant- en Proponentstatus in die GEKA

1. Vereistes van 'n predikant

Vir iemand om suksesvol te kan arbeid as predikant in die GEKA, word volgens die beginsels van die Skrif die volgende vereis:

1.1 Toegewyde lewe: Om 'n ware verhouding met God die Vader te hê in Christus Jesus en daagliks onder beheer van die Heilige Gees te lewe op 'n wyse wat getuig van redding. Die predikant moet ander tot die Here kan lei en die gemeente lei tot groter geestlike volwassenheid. Daarom kan slegs mense wat as gelowiges in nederligheid 'n voorbeeld vir die gemeente stel, as predikante toegelaat word en ook voortgaan om te bedien as predikante.

1.2 Leersuiwerheid: Om duidelik en suiwer in die absolutes van die Skrif te glo volgens die Gereformeerde beginsels van skrifuitleg en soos onderskryf deur die Drie Formuliere van Eenheid en die Westminster Confession. God het gegee dat sy plan van verlossing in die geskiedenis geopenbaar word en dat dit vir ons in die Bybel opgeteken word. Daarom kan slegs mense wat instaat is om met ondubbelsinnige leersuiwerheid voor te gaan in die gemeente, as predikante toegelaat word en ook voortgaan om te bedien as predikante.

1.3 Bedieningsvaardighede: Om oor die bedieningsvaardighede te beskik wat vereis word om suksesvol te kan bedien. Hierdie vaardighede is gegrond op die vermoë om die Bybel in diepte te kan interpreteer en die tydlose boodskap (absolutes) daarvan relevant in die huidige tyd en konteks te kan toepas. Die kommunikasie van hierdie toegepaste boodskap gebeur deur die bedieningsvaardighede van evangelisasie; prediking; die bring van boodskappe vir spesifieke groepe soos vir die jeug; pastorale versorging; huisbesoek; die toerusting van lidmate vir hulle diens; siekbesoek; die motivering en inskakeling van leiers en lidmate in gemeentebediening; die bevordering van kleingroepbediening; ens.

1.4 Roeping: Om 'n duidelike roeping te hê om predikant te wees (interne roeping). Hierdie roeping moet bevestig word deur ander wat ook dink die persoon het hierdie roeping (eksterne roeping) en deur kerklike instansies wat die persoon in diens stel of aanwend as predikant.

1.5 Geskikte bedieningstyl vir die Kerk: Om die motivering, vaardighede en ingesteldheid te hê om suksesvol te kan bedien in die Kerk. Enige denominasie stel grense aan bedieningstyle wat vir die gemeentes tot opbou en stigting sal wees. Vir 'n predikant om tot opbou van die denominasie te kan bedien, is dit nodig om tuis te wees en gemaklik in die GEKA se bedieningstyl te kan funksioneer.

2. Aanstelling van 'n Toelatingskommissie

Die Algemene Vergadering wys 'n Toelatingskommissie aan vir 'n spesifieke tydperk wat die aansoeke vir predikant- en proponentstatus hanteer volgens die bepalinge van hierdie reglement.

3. Prosedures vir die ondersoek van 'n predikant van buite die denominasie wat oorweeg word vir beroeping

Wanneer 'n gemeente of instansie sou besluit om ook proponente of predikante van buite die denominasie te oorweeg vir beroeping, moet die gemeente reg van die begin van die

beroepingsproses duidelike prosedures in plek stel om te verseker dat kandidate wat vir beroeping blootgestel of voorgelê word aan die gemeente, duidelik voldoen aan al die kategorieë van vereistes. Hierdie prosedures moet reg aan die begin van die proses met die Toelatingskommissie uitgeklaar word en deur Ig goedgekeur word.

Tov elkeen van die vereistes wat aan 'n predikant gestel word, word riglyne vir prosedures hieronder uitgestip.

3.1 Leersuiwerheid

Reg aan die begin van die beroepingsproses sal gemeentes of instansies van potensiële kandidate verwag om skriftelik hulle standpunt in detail uit te spel en te onderteken oor belangrike leeraspekte soos van tyd tot tyd ge-identifiseer deur die Toelatingskommissie. Die huidige minimum vrae is as volg:

- 1. Glo jy dat Jesus gesterf het en fisies uit die graf opgestaan het met die gevolg dat daar 'n lee graf was? Motiveer jou antwoord.*
- 2. Glo jy in die maagdelike geboorte van Christus? Motiveer jou antwoord.*
- 3. Hoe sal jy dit pastoraal hanteer as jy bewus daarvan is dat twee van jou lidmate in 'n homoseksuele of lesbiese verhouding lewe?*
- 4. Hoe sal jy dit pastoraal hanteer as jy bewus is daarvan dat 'n manlike en vroulike lidmaat seksueel saamlewe buite die huwelik?*
- 5. Is daar 'n ander wyse waardeur 'n mens gered kan word behalwe deur Jesus Christus? Motiveer.*

As daar onduidelikheid is oor enige antwoord moet daar duidelikheid gekry word of moet daar besluit word om die persoon se naam weg te laat van die lys van kandidate. Voor die name van kandidate aan die gemeente of instansie blootgestel of voorgelê word vir beroeping, sal daar sekerheid wees oor elke persoon se leersuiwerheid. Alhoewel dit nie die Toelatingskommissie se taak is om die ondersoek na die kandidaat se leersuiwerheid te doen nie, sal die beroepende gemeente of instansie die goedgekeurde name met bewyse van leersuiwerheid voorlê aan die Toelatingskommissie wat die sanksie het om name te verwyder. Indien die beroepende instansie hierdie komitee se beslissings nie aanvaar nie, het hulle die reg om hulle op die Meerdere Vergadering te beroep vir finale beslissing.

3.2 Toegewyde lewe

Die beroepende instansie doen navraag by die kandidaat en andere oor die lewe van kandidaat tov aspekte soos die volgende:

- Hulle gedrag in vorige bedieningsituasies
- Of daar enige klagtes teen hulle was in vorige bedieningsituasies
- Of hulle in enige ernstige konflikte was in vorige bedieningsituasies
- Die stand van hulle huweliksverhouding
- Hulle verhouding met en gesag oor hul kinders (1 Tim 3:4)
- Die wyse waarop hulle in spanverband kan werk, ens

3.3 Bedieningsvaardighede

Die beroepende instansie win kennis in oor die bedieningsvaardighede van kandidate op wyses soos die volgende:

- Die kyk van video-opnames van preke
- Verwysings van andere
- Eie ervaring deur die kandidaat oor te nooi vir blootstelling aan die gemeente
- Ontleding van die kandidaat se kwalifikasies
- Navraag oor die kandidaat se ywer en vermoë om gelowiges volgens hulle gawes in gemeentebediening te betrek asook om kleingroepbediening te motiveer en uit te bou, ens

3.4 Roepingsbewustheid

Die beroepende instansie doen navraag oor die kandidaat se interne en eksterne roeping op wyses soos die volgende:

- Gesprek met die kandidaat
- Verwysings van andere
- Bedieningsgeskiedenis, ens

3.5 Geskikte bedieningstyl vir die Kerk

Die beroepende instansie doen navraag oor die kandidaat se bedieningstyl tov die hantering van bv die erediens en sy/haar geneigdheid om lidmate te betrek en in te skakel by bediening of alles self te wil doen.

4. Toekenning van predikantstatus aan GEKA proponente

'n Persoon wat GEKA proponentstatus het, is beroepbaar binne die denominasie en verkry predikantstatus wanneer die persoon bevestig word in die beroepende gemeente of instansie.

Emeritaat en Demissie

Predikante wat emeriteer behou hulle status as predikant van die GEKA.

Predikante waarvan die band op 'n eervolle wyse deur 'n gemeente losgemaak word kan ook status behou ná ondersoek en goedkeuring van die Toelatingskommissie

5. Prosedure vir die ondersoek van 'n persoon wat aansoek doen vir predikant- of proponentstatus

Predikant- of proponentstatus kan toegeken word aan 'n persoon wat volgens die deeglike oordeel van die denominasie aan al die kategorieë van vereistes (sien punt 1) voldoen. Die Toelatingskommissie stel op deurgaande basis prosedures op met verslag aan die Algemene Vergadering. Hierdie prosedures word aangewend om elke kandidaat te toets volgens ten minste die prosedures wat gestel word in punt 3. Hierdie kommissie hanteer alle aansoeke vir predikant- en proponentstatus volgens die prosedures en beveel persone aan vir die toekenning van predikant- en proponentstatus deur die Algemene vergadering.

6. Motivering vir hierdie prosedures

Die doel is om die risiko dat 'n persoon wat nie aan die vereistes voldoen nie beroep word, tot die minimum te beperk. In die Skrif word baie duidelike vereistes gestel vir leiers in die

gemeente. In ons bedieningstrukture is die predikant 'n sleutelleier wat vir die gemeente tot groot seën maar ongelukkig ook tot groot skade kan wees.

Saam met die noudesette toepassing van die prosedures is dit natuurlik ook belangrik dat die proses van toelating en beroeping gepaard sal gaan met intense voorbidding.

7. Persone wat vanuit eie geleedere teologiese opleiding ondergaan: (Byvoeging van klousule soos Goedgekeur deur die Algemene Vergadering van Aug 2013)

7.1. Daar moet toesig oor hulle gehou word deur die gemeente waar hulle inskakel en hierdie gemeente moet dan uiteindelik 'n aanbeveling tov hul geskiktheid vir die bediening maak.

7.2. Daar sal ook die nodige goedkeuring van die Toelatingskommissie op aanbeveling van Veritas as teologiese inrigting benodig word indien lidmate sou verkies om by ander teologiese inrigtings as Veritas opgelei te word.

7.3. Die Toelatingskommissie moet ook hul geskiktheid beoordeel voordat hulle gelegetimeer sal kan word.